# BYBEL AASJAG 1



**Buitekant**

## INSTRUKSIES:

Voltooi die volgende Bybelverse (1983 vertaling) en gaan soek die items wat julle in die oop spasies moet invul.

### Gaan soek…

***1. Jerm 17:7-8***

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here ‘n veilige vesting is; so iemand is soos ‘n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen ………………………………………………….. het;

***2. Deut 32:2***

My onderrig kom na julle toe soos reënwater, my woorde verkwik julle soos dou, soos sagte reëns op die ………………………………………, soos reënbuie op die graan.

***3. Hand 28:3***

Paulus het ‘n klomp ……………………………………… bymekaargemaak en op die vuur gegooi.

***4. Jes 40:8***

Gras verdor, en …………………………………… verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig.

***5. Deut 27:2***

Wanneer jy deur die Jordaanrivier trek op pad na die land toe wat die Here jou God aan jou gee, moet jy groot …………………………………. opstapel en hulle met kalk afwit.

# BYBEL AASJAG 2



**Binnekant**

## INSTRUKSIES:

Voltooi die volgende Bybelverse (1983 vertaling) en gaan soek die items wat julle in die oop spasies moet invul.

### Gaan soek…

***1. Job 14:17***

Dan sou U my oortreding in ‘n ………………………………. verseël en my sonde toemaak.

***2. Matt 16:19***

Ek sal aan jou die ……………………………………………. van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.

***3. Dan 7:10***

Vuur het uit die troon gestroom en verder gevloei. Duisende der duisende het Hom gedien, miljoene, het daar voor Hom kom staan. Die hofsitting het begin, en die …………………………………………… van die aangklagte is oopgemaak.

***4. Eks 3:5***

Die Here sê ir hom: “Moenie nog nader kom nie. Trek uit jou ………………., want die plek waarop jy staan, is gewyde grond”.

***5. Matt 26:27***

Toe neem Hy ‘n ……………………………., en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle.

# BYBEL AASJAG 3



**Binnekant**

## INSTRUKSIES:

Voltooi die volgende Bybelverse (1983 vertaling) en gaan soek die items wat julle in die oop spasies moet invul.

### Gaan soek…

1. ***Job 41:22***

Hy laat die diep water kook soos in 'n …………………………, hy laat die water van die meer skuim.

2. ***1 Kon 17:19***

Hy sê vir haar: "Gee jou kind hier," en hy tel hom van haar skoot af op. Toe dra hy hom na die bo-kamer toe waar hy tuis gegaan het en lê hom op die ……………………………. neer.

3. ***Luk 15:22***

Maar sy pa roep sy werksmense: 'Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ………………………………. aan sy vinger en trek vir hom skoene aan!

4. ***Matt 10:30***

Van julle is selfs die ………………………………………… op julle kop almal getel.

5. ***1 Sam 4:18***

Toe hy praat van die ark van God, het Eli daar by die poort van sy ………………………. af agteroor geval.

## ANTWOORDE:

***Bybel Aasjag 1:***

1. Blare
2. Gras
3. Hout
4. Blomme
5. Klippe

***Bybel Aasjag 2:***

1. Sak
2. Sleutels
3. Boeke
4. Skoene
5. Beker

***Bybel Aasjag 3:***

1. Pot
2. Bed
3. Ring
4. Hare
5. Stoel